Die Kaapse Bibliotekaris
The Cape Librarian

Amptelike maandblad van die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens

Official monthly journal of the Cape Provincial Library Service

SOMERSET-WES OPENBARE BIBLIOTEEK

SOMERSET WEST PUBLIC LIBRARY

FEBRUARY/FEBRUARIE 1958

Kaapse Provinsiale Administrasie Afdeling Biblioteekdienste

Cape Provincial Administration Division of Library Service

THE CAPE LIBRARIAN

DIE KAAPSE BIBLIOTEKARIS

Vol. 1. No. 4. FEBR. 1958. *Deel 1, Nr. 4.*

CONTENTS/INHOUD

EDITORIAL/REDAKSIONEEL P/Bl

About Periodicals 1

ARTICLES/ARTIKELS

Filmvertonings en Afrikaanse Klankbane F.E. Leygonie 2
Swellendam Public Library ..... M.H. van Deventer 5
Ons Besoek „Die Hel" ..... C.J. Fourie 8

FEATURES/RUBRIEKE

Afrikaanse Boekbesprekings 12
English Book Reviews 13
Afrikaanse Jeugverhale 15
English Juvenile Literature 16
Thinking about Book Selection 17
Talking of films 18
News from the Regions/Nuus uit die Streke.
Aliwal North 20
Kaapstad 20
Malmesbury 21
Mosselbaai 22
Stellenbosch 22

Personalia 24
News from Head Office 24
Accessions List/Aanwinslys 25

PRINTED AND DISTRIBUTED BY
THE CAPE PROVINCIAL LIBRARY SERVICE.
48 KEEROM STREET. CAPE TOWN.

GEDRUK EN VERSPREI DEUR
DIE KAAPSE PROVINSIALE BIBLIOTEEKDIENS.
KEEROMSTRAAT 48. KAAPSTAD.

EDITORIAL

ABOUT PERIODICALS

A large number of the periodicals published today are important sources of factual information. In the fields of science, economics and technology especially, new subjects and discoveries are often covered by periodical articles before books are written about them.

A simple example will illustrate this: a reader seeking information about a new car. The answer will be readily available in *Auto-car* or *Car*.

For this reason the Library Service arranges for the supply of periodicals to all public libraries, though not to depots.

To simplify the allocation of periodicals, the following formula has been drawn up. Each library receives a minimum of five, and an additional title for each two hundred inhabitants. In other words a town with a population of 1000 is entitled to ten periodicals.

When a library becomes affiliated to the Service, the Regional Librarian supplies the local committee with copies of our Selected List of Periodicals. This List is not comprehensive but its purpose is to serve as a guide in the choice of periodicals. It is divided into subject groups of titles, for example Fine Arts, Science, Geography, Travel, etc. From this List the smaller libraries will be able to obtain a balanced and effective selection. In towns which qualify for a larger range of titles, more comprehensive lists can be consulted.

In the past local committees have tended to choose too many titles from the General Class, e.g. *The Tatler, Die Huisgenoot, Sarie Marais, Saturday Evening Post, S.A. Panorama and Reader's Digest.*

INTRODUCE NEW TITLES

However the committees must assume the responsibility of helping their readers towards a better understanding of the world around them, enabling them to extend their horizons. We would therefore like to see them break away to some extent from the old favourites, (which for that matter, are already found in many homes) and introduce new periodicals to library users. Consider, for instance, *Discovery, Natural History, Popular Science, Radio and Television News, Standpunte, Car, House Beautiful, Popular Photography, Theatre World, Yachting World, Handel en Nywerheid, Today's Health, Holiday, etc.*

We can assure you that although some of the above may be unknown to you, these magazines will soon have many friends around the reading tables.

FILMVERTONINGS EN AFRIKAANSE KLANKBANE.

F.E. Leygonie. *

Om films met n ander klankbaan aan n eentalige gehoor te vertoon, sal seer sekerlik nie goeie resultate lewer nie. Maar die Streekbibliotekaris te Beaufort Wes het hierdie probleem oorbrug.

Die mens het in hierdie tyd van vinnige ontwikkeling vir homself n probleem geskep, nl. die mens het so vinnig ontwikkel dat die wetenskap nie kan tredhou met die mens se behoeftes nie of andersom die wetenskap het so vinnig ontwikkel dat die mens nie kan tredhou met sy eie skepping en ontwikkeling nie. By die snelle ontwikkeling verwag die mens nog boonop op elke lewensterrein meer gerief en minder inspanning. Dinge moet vir hom gedoen word, terwyl hyself minder doen, en duld nie graag intellektuele vermoeienis nie, nog minder verstandelike inspanning.

Hierdie neiging ken die bibliotekaris maar te goed en probeer dan met alle middele tot sy beskikking om daardie lamsakhouding nie alleen te voorkom nie maar ook uit te roei. Een van die middele wat gebruik word is dan ook die film in diens van die biblioteek.

Dit is natuurlik n nuwe rigting en n nuwe terrein waarop die biblioteek beweeg. Of dit n sukses gaan wees, val nie te betwyfel nie; dit is n sukses waar dit reg aangewend word. Hierdie nuwe middel het reeds in die kort tydjie wat ons dit gebruik sy waarde getoon. Die idee is natuurlik om die film te gebruik as aanvullend by die boek en geensins om die boek te vervang nie. Die film moet ook interesseer en inspireer tot verdere belangstelling en studie. Mits die bibliotekaris reg te werk gaan mag die film nog meer bydra tot die euwel van traagheid om verstandelik produktief te dink en iets self te doen.

Omdat die deel van ons diens nog baie, baie jonk is, is dit te begryp dat dit aan groeipyne ly; dat daar nog in die eksperimentele stadium na rigting gesoek word, en dat daar probleme opduik wat soms byna onoorkomelik blyk te wees of baie geld kos om te borbrug. Die uiteenlopende behoeftes van die gemeenskap, of verskillende gemeenskappe, bring mee dat daar n groot verskeidenheid van films aangekoop moet word.

Die soort film wat beskikbaar gestel word, moet wel deeglik voorsien in die vereiste behoeftes, net soos die boek. Bioskoop is iets alledaags waarmee ons kinders opgroei. Hulle raak alleen geïnteresseerd wanneer daar spanningsprente vertoon word, vandaar dan die

*Mnr. Leygonie is nou Senior Bibliotekaris te Port Elizabeth.

probleem om hulle sowel as volwassenes in n suiwer opvoedkundige film belang te laat stel.

Die Biblioteekdiens beoog die ontwikkeling van die individu sowel as die gemeenskap; en die verskaffing van gesonde opbouende ontspanning. Om die rede moet daar so sorgvuldig te werk gegaan word om die regte soort film beskikbaar te stel. Dat die diens nou al reeds in n groot mate daarin geslaag het om aan die vereiste te voldoen, strek hul tot eer en aansporing.

Die ondervinding het reeds geleer dat daar wel n groot behoefte bestaan aan goeie films. Wie is diegene wat reeds daarin belangstel? Die musiekvereniging, Boerevereniging, Vroue-Landbou-Unies, Mede-Sending-Arbeidsters, K.J.V., geneeshere, verpleegsters, moeders, kinders, onderwysers en nie die minste nie die nie-blankes. Die behoeftes is net so uiteenlopend. Boonop is, dit nie hier n kwessie van „skoenmaker bly by jou lees" nie. Nee die boerevereniging vra bv. n film oor vertraagde kinders en hul opvoeding, die K.J.V., wil iets weet van Nyassaland, en die onderwysers n film oor die Nyl. In die meeste gevalle word die keuse aan die bibliotekaris oorgelaat.

SUKSES OF MISLUKKING

Deeglik moet daar nou rekening gehou word met die opstel van so n program. Dis uiters belangrik, want hierin lê die sukses of mislukking van die film se waardevolle werk. Die doel moet egter wees om nie alleen n genoeglike aand te verseker nie maar dat n bepaalde doel bereik word. Daar moet belangstelling in die onderwerp verkry word, sodat daar na die vertoning nog baie oor gepraat word en die lus om meer te weet, deur te lees, opgewek word. Kort boeklyste oor die onderwerpe wat vertoon is, kan na die vertoning versprei word. Maar moenie n stormloop verwag nie - Al is daar net een wat weer gaan lees dan is die doel al bereik.

Dit is noodsaaklik dat die bibliotekaris indien hy die vertoner is, vooraf die films sal laat deurloop sodat hy deeglik op hoogte van sake kom oor die inhoud en gehalte van die films wat vertoon gaan word. Hy weet dan of die film wel beantwoord aan die behoefte van sy moontlike gehoor. Hy moet sy gehoor ken en weet hoe om hulle reeds voor die vertoning geïnteresseerd te kry. Daar moet onthou word dat daar altyd drie groepe by byna alle vertonings teenwoordig is, nl. kinders, ontwikkelde en die minder ontwikkelde volwassenes, soms ook ongeletterdes en eentaliges.

AFRIKAANS

Afrikaanse eentaliges verskaf die grootste probleem. Somtyds word daar Afrikaanse klankbane aangebring, maar dit kos baie geld en is in die meeste gevalle nie juis baie geslaag nie. Uitsonderinge is daar wel soos in die geval van *Skending van die Aarde* waar die Afrikaanse klankbaan skitterend is, sodat n mens nooit agterkom dat dit oorspronklik n Engelse film was nie.

Maar in gevalle waar daar bv. n

Engelse film met Engelse kommentaar vertoon word aan n gehoor waar die meeste nie Engels volg nie - wat dan gedoen? Neem as voorbeeld n Kleurling-gehoor van sowat 136 mense waarvan net n paar Engels kon verstaan. Hier sal dit nie help om net die prent te vertoon nie, iets moet gedoen word.

Dit word gesê „n boer maak n plan" maar ons wil sê „n bibliotekaris moet n plan kan maak". Ek het die geval gehad hierbo genoem en het as volg te werk gegaan.

Omdat ek op hoogte was van die inhoud van die films wat vertoon sou word, het ek die gehoor eers vooraf op hoogte gebring met wat vertoon gaan word. Toe die film draai het ek die klank gedemp sodat dit saggies deurgekom het en met die hand op die kontrole knoppie dit gereguleer. Behalwe die musiek is die Engelse kommentaar dood gedraai en ekself het met behulp van die mikrofoon en luidspreker bygaande kommentaar gelewer. Dit het uitstekend geslaag. Sekere films, bv. *S.A. A Preview*, bied uitstekende geleenthede vir die soort kommentaar en boonop kan altyd meer aan die gehoor verduidelik word oor een bepaalde deel van die prent waarin hulle besonder belangstel.

DUITSE FILMS

By die vertoning van die twee Duitse stil films nl. *Die Stadtmaus und die Feldmaus*, sowel as *Der Wettlauf zwischen dem Hasen und dem Igel*, het ons nie alleen lopende kommentaar gelewer nie maar het ook by een vertoning die diertjies laat praat, eenvoudig deur stemverandering. Dit is terdeë geniet.

Op hierdie goedkoop manier het ons die kwessie van Afrikaanse klankbane oorbrug en dit kos niks nie. Dit kan egter alleen gedoen word mits die vertoner die inhoud van die film deeglik ken, en dit moet vooraf gedoen word. Die mikrofoon kan baie goed en voordelig gebruik word, veral na elke film vertoon is, om die reaksie van die gehoor te toets, en terwyl die film terugdraai kan die gehoor altyd besig gehou word deur te wys op iets interessants in die film wat gewys is of die wat vertoon gaan word.

Op die gebied van die opvoedkundige film lê n geweldige veld braak vir die biblioteekdiens. Laat ons dit gebruik. Wat in hierdie streek n sukses is, kan ook in ander streke met sukses toegepas word.

⊡*⊡*⊡*⊡

"Ons biblioteke kan vir die informele opvoeding meer doen as wat nou gedaan word. Daarvoor is egter nodig dat die biblioteke insien dat hulle funksie die bring van kennis met alle hulpmiddels, ook aanskouingsmiddels soos die film, insluit. Veral moet hulle in die film n kommunikasiemiddel sien wat geskik is vir volwassenes, ongeag hulle verstandelike ontwikkeling."

Dr. S.L. van Wyk:
Die Film as Opvoedkundige Hulpmiddel, Bl. 221.

*** *** ***

SWELLENDAM PUBLIC LIBRARY.

M.H. van Deventer. *

Situated two miles from the foot of the Langeberg is the picturesque and historic town of Swellendam. The district itself was proclaimed in 1743, and four years later the town received its present name in honour of Governor Swellengrebel and his wife, a Miss Ten Damme.

The Swellendam Public Library has as chequered and interesting an history as the town itself. No means of ascertaining the exact date of establishment has as yet been found but it is quite definite that it is the second oldest library in the country. The date quoted for its establishment appears on its earliest applications for a Government subsidy as "not later than 1838". Confirmation of this is in the Drostdy Museum, where a small printed label "Swellendam Book Society" is pasted on a copy of "The Atlas, a general newspaper and journal of literature" dated 15 April, 1840. Unfortunately no minutes are to be found for the early days of the old Book Society, the predecessor of the present Public Library, but it is probable that Francis William Reitz (father of President Reitz) and Dr. William Robertson were prominent among the founders.

There is in the possession of the Library five volumes of minutes of meetings. The first volume starts off in a rather interesting manner with the rules of the library, undersigned by the members for 1852-53. There are 32 signatures, and it is evident that there had been some controversy in drawing up these rules, so much so that two members signed "all except section 9" and "all except sections 9 and 11" respectively. Sections 9 and 11 cover the issue of books. The subscription in 1852 was £1 per annum.

GREAT FIRE

After this there is a strange lapse of thirteen years when nothing was entered in this book, for the next entry is the minutes of a meeting held on 7th August, 1865. The first item on these minutes reads: "The Secretary having announced that the Minute Book was destroyed in the recent fire of May 17, resolved that proceedings be begun de novo...". The fire referred to was the famous "Great Fire" of 1865 which gutted half of Swellendam, causing over £25,000 damage to property. Started in the home of the baker, the fire spread rapidly, and the small hand-pumping machines owned by Barry and Nephews only "provided drops of water where oceans were required". (Burrows: *Overberg outspan*, p. 82). The library itself seems to have been unscathed, except for the minute book which we can assume was in the home of the Secretary at the time of the disaster. Why after a lapse of thirteen years they should again

* *Miss Van Deventer is Regional Librarian for the Robertson area.*

use this book containing only the undersigned rules, cannot be explained. Dr. Rothmann in an article in *South African Libraries* says:- "Moontlik is die boek met die 1852 ledelys in private besit bewaar gebly en het dit nie in die vuur gekom nie". But it seems strange that this one entry should have been made and the book then put aside for thirteen years.

The next five years were years of depression and retrogression in Swellendam, years in which the library was in the complete doldrums. In 1870 steps were taken to improve matters and we find a statement by the Rev. William Bramley: "it appears... that no appointment of a committee is notified and that the library has been without anyone responsible for its arrangement since the appointment of the committee in 1865". On the 19th August 1870, a meeting was held "to consider what steps it was desirable to take for reviving the Library". A committee was appointed to "find out the exact state of the Library, as to books, funds, etc". A librarian was appointed at ten shillings per month, and all looked set for prosperity. But the revival was short-lived, for after one year things died down again, and in 1875 we find a meeting convened "to consider what steps be taken to restore the institution to a state of efficiency".

From this date the library took on a new lease of life. A new constitution was drawn up, a librarian was appointed at £25 p.a. The meagre funds were greatly helped by a Government subsidy which was granted from 1876, and though the library still had some difficulties, it was not again forced to close its doors.

LIBRARIANS

The meetings of the next few years seem to have been confined largely to the appointment of librarians. However, in 1879 they appointed a woman for the first time, Miss Margaret Fairbairn, and from then onwards their troubles in this direction were over. For the first time in 1880 they passed a vote of thanks to the librarian. On Miss Fairbairn's death in 1883, Miss Ellen Coldrey became librarian and from that day to this they have had but two librarians. Miss Coldrey served the institution long and faithfully, till ill-health forced her to resign in December 1931. Two years later she was made a life-member of the Library, a privilege she only enjoyed for a few months before her death in 1934. Her tradition is being carried on by the present librarian, Miss. A. Murray, who has been standing behind the issue desk since January 1932.

With Miss Coldrey as librarian the institution made steady progress, to such an extent that in 1902 we find the first talk of extending the building. At that time the library was housed in a small building on the Church square, but the larger bookstock was demanding larger premises, and with more funds at their disposal the committee had all but decided to extend, when Dr. A. Whyte and Mr. William Fullard offered ground on which to build a new

library. The offer was accepted, an anonymous architect donated "plans with excellent specifications" and on 15th June, 1907 the new building was officially opened by the Colonial Secretary, Colonel Crewe. This building still houses the present library. With these donations in mind it is perhaps no wonder that in 1934 the Secretary said: "The generation of donors is fast-dying out".

CHILDREN

It is evident that in the early days little or no attention was paid to children, so much so that the question of allowing juvenile members at a reduced subscription caused one of the heated battles of the day. At a meeting held on 5th Oktober, 1883 a member proposed "that young men under 21 years of age be allowed to take out one book at a time, with a subscription of 5/-". On the adoption of the proposal the Chairman resigned. The resolution was rescinded but the damage was done, and the "chairman and others" left. Those remaining expressed "their regret that anything had happened at the meeting to cause unpleasantness to any of the members". Fifty years later there was vast improvement; as encouragement to children to use the library two free memberships were presented to the Primary School and four to the High School. In this connection the Swellendam Library has never looked back for to-day its Children's room is a continual hive of activity.

As with all such institutions it has relied heavily on the stalwarts to bring it to what it is. Perhaps the names that are really most famous in its history are Dr. William Robertson; Rev. William Bramley, Secretary for eighteen years; Mr. Garlake; Dr. Whyte and Mr. W.D. Ackermann, Secretary for thirteen years. Everyone reading the minutes and reports drawn up by the latter must wish that they had been present to enjoy the delightful sense of humour which, even in dark moments, could not be suppressed.

Then in 1955 came the new Provincial Library Ordinance, and Swellendam decided to use the new service. In 1956 their doors were closed for two months, and on re-opening the Library had the "new look". The public in Swellendam were quick to appreciate this change, and to-day this library, started in 1838, having a membership of 32 in 1852, boasts its 1,100 members.

□★□ □★□ □★□

Not very long ago it would have been regarded as shocking to find girls in their 'teens reading the kind of books they're now writing.

New York Times.

ONS BESOEK „DIE HEL".

C.J. Fourie.*

Daar is een maklike manier om „Die Hel" te besoek, naamlik per helikopter. Aangesien die Biblioteekdiens nie oor dié moderne vervoermiddel beskik nie, was die enigste ander alternatief met dapper en stapper. In hierdie artikel vertel die vorige Streekbibliotekaris van Mosselbaai hoe dit met ondersoek ter plaatse na die moontlikheid van n biblioteekdepot afgeloop het.

Die gedagte om Gamkaskloof („Die Hel") te besoek, het reeds gedurende Desember 1955 ontstaan toe ons die eerste vergaderings op Knysna, Calitzdorp en Ladismith gehou het. Na die stigting van die streekkantoor te Mosselbaai in die begin van 1956 het ek dadelik ondersoek ingestel na biblioteekvoorsiening aan die kleiner sentrums. So is my aandag weereens op Gamkaskloof gevestig.

Wat ons van hierdie afgesonderde gemeenskappie uitgevind het, was beslis nie bemoedigend nie! In n afgeslote vallei tussen die Swartberge woon sowat eenhonderd mense. Verder bestaan daar n eenmanskooltjie, maar daar is geen padverbinding met die mense nie. Die enigste toegang is die rivierbedding wat van Noord na Suid deur die berge kronkel en so twee poorte vorm. Slegs die Noordelike poort is vir pakdiere begaanbaar - n afstand van twaalf myl, terwyl die mense gewoonlik van die sewe myl-lange suidelike poort gebruik maak.

Nogtans het ons maar bly soek na n geleentheid om hierdie mense van boeke te voorsien. Eindelik het ons besluit om maar self ondersoek te gaan instel.

Met my laaste toer deur die Mosselbaai-streek het ek, mnre. Meyer en Hendrikse, vooraf die nodige reëlings vir rugsakke en padkos getref en toe ons op 15 Februarie 1957 op Mosselbaai terugkom, het ons dadelik al hierdie benodigdhede in die stasiewa oorgepak. Die plan was om die nag so na as moontlik aan die poort te gaan slaap. Maar eers elfuur die aand kon ons so n kwartmyl van die laaste plaashuis wat reg in die bek van die poort lê, ons beddegoed in die stasiewa reggooi.

Om sesuur die volgende oggend het ons opgestaan en na n goeie ontbyt ry ons tot by die laaste plaashuis, dié van die Nel-gesin, waar ons eers die besoekersboek moes teken.

Ons wou nog soveel moontlike inligting verkry voordat ons vertrek en hoor dan ook dat daar pas die vorige dag n groepie inwoners die poort in is. Ons moes dus net spoorsny en behoort maklik deur te kom!!

SOOS BOBBEJANE

Met groot oormoed spring ons weg

* *Mnr. Fourie is tans Senior Bibliotekaris te Kimberley.*

maar nog nie n myl nie of die spore gaan deur die rivier. Aanvanklik verseg ons om ons nat te laat word en klim dan ook soos bobbejane oor die rotse langs die water.

Nou moet ek verduidelik dat die poort eintlik n smal skeur deur die Swartberge is, baie soos Meiringspoort, net baie nouer en meer ru. Daar is omtrent net plek vir die stroompie en die sny al kronkelend van kant tot kant, sodat dit talle kere nodig is om óf oor hoë rotse te klouter óf deur die water te gaan. As die rivier nie afkom nie, is die water egter nêrens baie diep nie, slegs een plek dieper as die heupe.

Baie gou was dit duidelik dat daar baie stadig oor die ruwe rotse gevorder word en toe begin ons skoene uittrek en deur die water stap. Maar die gesukkel van skoene uittrek en weer aantrek was te veel en boonop wil die klammigheid die skoene al op die gladde rotse laat gly.

Vandag erken ek dat ék met die dwase idee gekom het dat ons maar die skoene daar iewers moes versteek en kaalvoet verder gaan. My argument was dat ons tog die hele dag langs die sagte, klam oewers sou kon loop en die skoene nie sou mis nie. Meyer het ons afgeraai, maar ek en Hendrikse steek subiet ons skoene in n skeur weg en stryk ewe grootman aan. Ons lag nog elke keer vir Meyer as hy die skoene weer aan sy klam voete sukkel.

SONDER SKOENE

Geleidelik het dit al hoe warmer geword en toe die poort meer as n uur later „oopmaak" was die harde karoo-aarde warm gebak. Ons versterk weer n slag met koeldrank en toebroodjies en stryk weer aan. Hoe verder ons gaan hoe meer besef ek en Hendrikse dat ons nog met ons kaal voete gaan les opsê.

Omtrent tienuur verlaat ons die rivier met sy ondrinkbare brakwater finaal en koers na die oostekant toe weg. Ons volg spore en voetpaaie maar verloor later die spore waar n boktrop die hele aarde volgetrap het. Nou spoorsny. Dis toe wat ek op n los ronde klip trap. Dit rol om en skeur my voet onder die hak n lelike winkelhak in. Intussen moes my nuwe kamera iewers n harde stamp op die lens gekry het. Gevolglik wou die meganisme toe nie meer werk nie. My hele liggaam was al tam, my voete gaar gebrand op die warm sand en klipbestrooide grond en die rugsakke het ook al veel van die entoesiasme afgerem.

Nadat ek n klam sakdoek oor die sny in my voet gebind het, is ons verder, deur n doringlaagte met tallose dooie bome. Meyer het nou veerkragtig vooruitgeloop; ekself het twintig tree after hom gevolg en Hendrikse nog verder terug. Dit was n lyding om te loop en Meyer moes hom bedwing om nie te lag nie.

Op die wit sand en gladde grond het dit swaar gegaan. Maar telkens as ons weg oor sulke swart aluwiale sand of harde grond met klein skerp klippies gaan, moes dit komies gewees het om te sien hoe ons met wikkelende, bewende getrappel tot by n koelteplekkie voort yl waar ons dan vir n paar sekondes ons voete kon laat rus.

Omtrent elfuur bereik ons die eer-

ste klei-huisie. Dit is n vaal, vierkantige hut, baie soos dié deur naturelle gebou, met n biesiedak en klein venstertjies, skaars n voet in vierkant. Daar is haas geen skuiling omheen nie en n ent daarvandaan is landjies, nie veel groter as een morg nie, met mankoliekige draad en doringtakheinings daaromheen. Hier word bietjies wintergraan, mielies, boontjies en druiwe gekweek. Alles was egter omtrent verdroog, behalwe die wingerd. Dit is omtrent al wat in hierdie kloof goed versorg word.

n Ent hoër op gaan ons by n huisie aan om water te drink en word ook heerlike druiwe aangebied. Sommige opstalle is heelwat beter as die eerste, met skaduryke bome, veral vrugtebome daaromheen. Al wat volop is, is radio-toestelle. Die ontvangs in die kloof is besonder goed en die onderwyser se stokperdjie is die bou van opvangstelle.

Elke gesin het n stukkie min of meer besproeibare grond, van een tot drie morge groot, en hou verder omtrent 250 bokke aan. Ons het slegs enkele skape en beeste gesien en bokke is omtrent die enigste vee.

Twee jong mans wat enkel jare „buite" gewerk het, het weer teruggekeer en saad begin kweek. Om sy afgesonderdheid is die vallei ideaal geskik om baie opregte saad te lewer en verder is sulke groentesaad baie lig en maklik om „uit te pak". Alle produkte moet „uitgepak" en op Prins Albert verhandel word.

So gaan die onderwyser elke twee weke uit na die Suide en gaan haal sy pos op Matjiesrivier en neem dan ook klein hoeveelhede negosieware terug. Gereeld word n blik poeiermelk ingeneem, want meester het geen boerdery nie. n Pak kan uiters 45 pond weeg.

DIE SKOOLTJIE

Dit was omtrent net twaalfuur toe ons by die skooltjie opdaag. Die onderwyser, mnr. Lane, en sy vrou was baie bly om ons te ontvang en ons het land en sand gesels, uitgevra en vertel. Hulle was veral baie spyt dat ons nie daaraan gedink het om die jongste koerante vir hulle saam te bring nie.

In teenstelling met die res van die gemeenskap is hierdie egpaar fyn ontwikkelde mense. Mnr. Lane was vroeër n predikant verbonde aan n Engelse kerkgenootskap. Hulle probeer dan ook so netjies moontlik aantrek en beywer hulle om so min moontlik af te wyk van die leefwyse wat hulle vroeër buite geken het.

Hierna het ons die moontlikheid van n biblioteekdiens vir hierdie gemeenskap bespreek. Op aanbeveling van mnr. Lane is besluit om voorlopig net vir hom en sy vrou as indiwiduele lede te registreer en oor die pos te bedien. Later, as die belangstelling van die ander mense eers genoeg geprikkel is, sodat hulle bereid sal wees om ook boeke op hulle esels „in te pak" kan n depot dan hier begin word.

Om tweeuur die middag het ons weer vertrek, nadat mev. Lane inderhaas n paar briewe geskryf het wat ons buite moes pos.

Die hitte was nou byna ondraaglik en die grond nou eers goed warm gebak. Meyer moes telkens vir Hendrikse en my wag. Ons voete was nou

byna onhoubaar seer. Net blote uithou het ons byna twee uur later weer by die rivier gebring. Dadelik het ons in die koel water begin loop en van toe af was sake meer draaglik. By hierdie tyd het ons eenvoudig net gevolg waar Meyer lei en het geeneen meer omgegee om deur die water te loop nie. Ons het nou so presies moontlik die spore gevolg en gevind dat die pad gladnie so moeilik is nie.

Toe ons naby ons skoene kom, word Meyer vooruit gestuur om die te haal. Ons het hulle dadelik aangetrek en nie weer uitgetrek nie maar eenvoudig dwarsddur die water daarmee geloop. Teen die tyd was dit weer heerlik koel in die poort en het ons weer lustig voortgestap.

n Paar minute voor sewe was ons weer by die motor. Ons het dus in twaalf uur die eintlike toer afgelê. Met ons skoene aan sou ons dit maklik binne tien uur kon doen.

Nadat die Nel-broers ons eers heerlike geurige koffie voorgesit het, is ons weer in die pad terug. Terwyl ons heerlik in die motor agteroorgesit het, het ons eers besef hoe moeg ons eintlik was. En na n rukkie het die spiere koud geword. By my hotel kon ek beswaarlik die kamer haal. Daardie nag het ek nou sommer n knop uit n holte geslaap.

Ons voel aldrie eens dat die toer die moeite werd was en sal graag weer wil gaan as die geleentheid hom voordoen. Maar ek sal nie weer sonder skoene gaan nie.

The Automatic Key Punch Machine used to punch constant information, such as the regional numbers, etc. on book cards.

BOEKBESPREKINGS

AFRIKAANSE VERHALE.

PRETORIUS, Gert: Boetatjie
Culemborg, 1957.

Hier is nou n boekie vir die leser wat na iets anders smag.

Boetatjie, die seun van Doodloopstraat, Distrik Ses, werk by n liewe ou vrugtesmous, maar omdat Boetatjie nie van sy „tips" aan sy Pa oorhandig nie, moet hy vlug. Sodoende beland hy in elke hoofstuk by een of ander interessante karakter.

Hierdie boeiende werkie oortuig deur sy mensliewende en gevoelige uitbeelding. Onbewus kry die leser vir Boetatjie lief en saam beleef hy die aangrypende avontuurtjie.

BOETATJIE kan sterk aanbeveel word.

A.P.R.

VAKLITERATUUR

GOMBRICH, E.H.: Kuns deur die eeue.
Balkema, 1957.

Die publikasie van die eerste Afrikaanse kunsgeskiedenis van internasionale standaard is n kulturele gebeurtenis van die grootste betekenis.

Gombrich se kunsgeskiedenis - ryklik geïllustreer en goed vertaal - is baie meer dan n veelomvattende versameling van feite, werke en datums. Hy maak ons bewus van, en laat ons die magte wat die veranderings in kuns en styl veroorsaak het, verstaan.

Kuns deur die Eeue is n ware gidsboek tot die kunsgebied.

- 709 GOM
- H.L.O.

BOUWS, Jan: Suid-Afrikaanse komponiste van vandag en gister.
Balkema, 1957.

Die sestien kort hoofstukke oor Suid-Afrikaanse komponiste is geskryf om die vooroordeel teen Suid-Afrikaanse musiek uit die weg te ruim, asook om belangstelling in die tydgenootlike ontwikkeling te wek.

Daarbenewens is dit as n inleiding tot die musiek bedoel, want die skrywer weet baie goed dat om n komponis te ken, ook beteken om sy werk te ken.

Bouws beperk sy artikel - elk voorafgegaan deur die kunstenaar se foto - tot biografiese en algemene inligting, eerder as om n ontledende studie van elk te maak.

Suid-Afrikaanse Komponiste van vandag en gister slaag daarin om n nasionale musiektradisie aan te toon.

- 780.92 A/Z
- H.L.O.

NEDERLANDSE LEKTUUR.

DURRENMATT, F: De Verdenking.
Nelissen-Bilthoven.

n Spannende avontuurverhaal, waarin n oorlogsmisdadiger sy sadistiese neigings as gesiene dokter in Zurich voortsit. Die speurder is n gepensioneerde polisieoffisier, wat pas n groot operasie ondergaan het en uiters nog n jaar kan lewe.

Die gewone Afrikaanse leser sal hierdie verhaal geniet.

- A.P.R.

BOOK REVIEWS

ENGLISH FICTION.

BULL, Randolph C. editor. Upon the midnight. Macdonald, 1957.

An anthology of ghost and horror stories, including authors such as J.B. Priestley, Graham Greene, and Arnold Bennett. Some of the stories are published here for the first time and the collection is of high quality.

GALLICO, Paul. Thomasina. Michael Joseph, 1957.

Thomasina is a remarkable cat - quite naturally, as she is related to Jenny. This is the story of her life, death and re-incarnation, and of the part she played in the lives of her young owner, Mary Ruadh, Mary's father, and the Red Witch of Glen Ardrath. It is a story full of the sympathy, gentle humour and imagination which characterise most of Paul Gallico's books, but he will have to guard against a tendency towards sentimentality from which his earliest stories were so refreshingly free.

HUTCHINSON, Ray C. March the ninth. Bles, 1957.

A post-war adventure story. The main character is a German-American doctor, working in Europe with a Health Organisation. He becomes drawn into a plot in which a village in Trieste decides to try, condemn and execute a German ex-officer who, during the war, shot twenty-one of the men of the town in a reprisal action. Ray Hutchinson explores the problems of loyalty and guilt, retribution and atonement, in terms of action. It is exciting, though full of sadness.

JACOBSON, Dan. Price of diamonds. Weidenfeld and Nicholson, 1957.

Gottleib and Fink, partners in a small South African mining town, become innocently involved in Illicit Diamond Buying. It affects their partnership and their private lives, and the novel is a study of their two temperaments and of the tension which has now arisen to confuse them. Mr. Jacobson is one of our best novelists, and although there is not a great deal of action in the story it is an honest and pleasing one.

PAUL, Phyllis. Cage for the Nightingale. Heinemann, 1957?

A strongly written story of a misunderstood, neurotic young girl, convicted of a murder she did not commit, and, after a period in a reformatory, taken under the wing of a charlatan psychiatrist. Her inevitable suicide and the laying bare of the whole background is both complex and clever. It is almost a modern Gothic novel, blending wickedness and terror in a lurid, melodramatic setting. The lack of realism is forgiven in the excitement of the story.

- J.A.

NON-FICTION.

DJILAS, Milovan. The New class. Thames and Hudson, 1957.

This crushing indictment of Communism as practised in Eastern Europe was smuggled out of Jugoslavia, and the author, once Marshall Tito's right-hand man, is now a political prisoner as a result of his comments on Soviet methods suppressing the Hungarian revolt. The analysis of the communist system is authoratative and the book has had great publicity, especially in America.

- 321.84 DJI

DOUGLAS, John S. Caves of mystery. Muller, 1957.

The study and exploration of "natures underground palaces" is called spelaeology, and is becoming a popular hobby. Many of the caves described in this book are vast, and of great beauty, some have of course been commercialised, but usually in good taste, so that the beauty is enhanced and not marred. Archaeological discoveries and their use in reconstructing the way of life of our ancestors are described, and we learn that the urge to establish and break records occurs in this field too where the "deepest descent into the earth" is the record most often attempted. The book is full of interesting and exciting information.

- 551.44 DOU

EVANS, Edward. From Husky to Sno-cat. Staples, 1957.

A brief history of polar exploration and especially of the new methods used during recent years. The book is a matter-of-fact and highly interesting account of the discoveries of the North and South Poles both by ship and aeroplane. The story is brought up to date by the inclusion of two chapters on the international geophysical year and the co-operative efforts of over forty nations including Russia and Japan.

- 919.8 EVA

FEIS, Herbert. Churchill, Roosevelt, Stalin. O.U.P., 1957.

This history of the great coalition which extended from 1940-1945 is written carefully and lucidly, and Mr. Feis has had access to most of the original records of the period. It is divided into phases of the war, and emphasises the diplomatic - climaxes rather than the military ones. The account of the Yalta conference is complete and documented, and so is the history of the birth of the United Nations. An interesting book to compare with Churchill's History of the Second World War.

- 940.532 FEI

KEEBLE, Peter. Ordeal by water. Longmans, 1957.

Salvage operations during the last war have been recalled by Mr. Keeble, a South African, in this exciting and well-written book. He started as a captain of a mine-sweeper and finally became the officer in charge of all Middle East salvage operations. One of his assignments was to deliver an appeal to General Smuts from Admiral Cunningham which

resulted in a group of astonished S.A. Railways and Harbours employees being rushed to Alexandria to assist in salvage operations there. The book will be enjoyed by men of all ages.

- 940.548 KEE

JUVENILE LITERATURE
JEUGLEKTUUR

AFRIKAANSE JEUGVERHALE.

CONRADIE, Ben. Daar is rugby in sy bloed. A.P.B., 1956.

Rugby-entoesiaste onder die seuns sal hierdie werkie geniet. Kosie is n seun van ongeveer vyftien jaar wat sy vader verloor het. Hy is die oudste van vyf kinders en moet in sy vrye tyd in n winkel help. Hy kry dus nie eintlik kans om saam met sy maats rugby te speel nie en sy Ma wil nie daarvan hoor nie, omdat sy bang is dat hy iets sal oorkom. Natuurlik gaan speel hy partymaal skelmpies as hy n kans kry. Uiteindelik laat sy Ma hom toe om te speel nadat sy besef watter uitstekende speler haar seun is en wat die spel vir hom beteken. Soos ook die vorige werke van Ben Conradie bied hierdie boek gesonde ontspanningslektuur vir die jeug.

MAY, A.F. samesteller. Keppie en ander storietjies. Van Schaik, 1956.

n Mooi boekie vir die jongspan. Hoewel dit as n versameling uitgegee is, is meeste van die storietjies deur "Ora" (skuilnaam van Mev. Ora S. du Toit) geskryf. Ora is welbekend as n skryfster van goeie jeuglektuur en hierdie verhaaltjies sal seker byval vind by die jonger kinders. Dit is verblydend dat die uitgewers van Afrikaanse jeuglektuur meer en meer aandag aan die uiterlik van die boek begin gee. Die formaat en papier van hierdie boekie is goed en die druk net reg vir die ses-tot-sewe jariges. Dorothy Hill se aantreklike swart en wit illustrasies pas goed by die teks.

NAUDE, Bettie. Saartjie se verjaarsdag. A.P.B., 1957.

Die nuwe „Saartjie" sal deur jonger dogters verwelkom word. Hulle sal die verdere episodes in die lewe van die amper 14-jarige Saartjie en haar maats met spanning volg. Hoewel dit die 10de deel in die reeks is, het die skryftrant en inhoud nie daaronder gely nie. Die gebeurtenisse is ietwat onsamehangend, maar die verhaal is so vlot en lewendig vertel, dat mens die gebrek aan struktuur maar oor die hoof kan sien, Die vernaamste gebeurtenis is die kompetisie by n klavierwedstryd tussen Saartjie en Carolina Eksteen, n arm dogter. Uit jammerhartigheid gee Saartjie haar roem prys en maak

sy opsetlik foute sodat Carolina die kunswedstryd kan wen. Saartjie se opoffering stel Carolina in staat om voort te gaan met haar musiekstudies, want n oom het geld aan haar nagelaat op voorwaarde dat sy eerste in n musiekwedstryd kom.

- M.R.

ENGLISH JUVENILE FICTION.

BUCK, Pearl. *The big wave.* Methuen, 1956.

A moving story for the 9-12 age group, by an author well known for her novels about China and Japan. Two Japanese boys, children of poor families live on a volcanic island; Kino is a farmer's son and Jiya's father is a fisherman. Periodically the island is swept by a tidal wave as a result of a volcanic eruption.

One fateful day this happened again and the fishing village on the beach was washed away. Jiya lost his whole family in this calamity and he was adopted by Kino's father. When he was grown up, he also became a fisherman, and married Kino's sister. Life went on as if nothing had happened and Jiya built a new house on the old beach, ignoring the danger of another "big wave". This simple poetic story is excellently told by Pearl Buck, and although it may not appeal to every child, the more discerning ones will enjoy it.

- M.R.

LIDDLE, R.B. *Junior C.I.D.* Macmillan, 1956.

An exciting story for 10-14 year old boys and girls, in which five cousins act as detectives. The uncle, a top scientist, is wounded when his papers are stolen and sold to a foreigner from Boskia, who is posing as an American scientist. The cousins promptly set to work taking finger prints and making notes on motives and suspicious circumstances. Finally, they are instrumental in preventing the valuable papers from leaving the country. It is not until the last few pages of the book that we find out exactly who are involved in the theft and attempted murder. Good dialogue and convincing characterization. Paper, binding and print good.

- M.B.S.

JUVENILE NON-FICTION.

RIPLEY, Elisabeth. *Leonardo da Vinci, a biography.* 759.5 LEO

RIPLEY, Elisabeth. *Michelangelo, a biography.* 734.3 MIC

Both these biographies, written for the 10-16 age group, form an excellent introduction to the study of these two great Renaissance artists. In a simply written but not simplified record of their lives the facts are accurately presented and illustrated with fine reproductions. To make the story more interesting and realistic, each drawing or painting which is being discussed, is reproduced on the page facing the text.

In the story of Leonardo, the author also emphasises his discoveries in science and his inventions in engineering, which show how far ahead of his time this genius of the Italian Renaissance was.

- M.R.

CORRIDGE, Sylvia Lovat. We go to Holland. Harrap, 1957.

This is one of the most successful books in the "we go" series. An English boy and girl go to stay with a hospitable family in Holland for a few weeks. They are introduced to the Dutch way of life and taken on extensive tours by bus or motorcar throughout the country. In this way they manage to see the most important parts of Holland in a very pleasant way. This is a remarkably comprehensive description of the Netherlands which teenagers and also grown-ups who intend visiting the country can read with interest and profit. The dialogue is lively and entertaining and a number of photographs illustrate the text appropriately.

914.92 COR

M.R.

THINKING ABOUT BOOK SELECTION.

Book selection has been called both an art and a science and the librarian's aim must always be to combine both approaches. A country like South Africa, geographically detached from the main streams of developing Western thought, must guard against the dangers of insularity, even in this age of fast communications. Libraries, offering a wide range of books many of which may not appear in local shops, are indispensible weapons.

There are some golden rules underlying book selection, and I think the first one is that there should be books available on all sides of every controversial question.

Then, too, there must be continual awareness of the type of community for whom one is buying the books. A complete social survey covering, for example, age and sex distribution, occupations, local industries and leisure-time activities is the ideal basic tool for this purpose. Without it, the librarian must study his actual and potential public as systematically and intelligently as possible.

There is also a delicate balance to be maintained between giving the public what they want, although it is of poor quality, and giving them what they ought to want. Issue statistics are useful, within limits, in interpreting public interest, but there may be many reasons why a subject ceases to be popular in a small town. Perhaps insufficient books are available, they may be out of date or unattractive, or those interested may simply have read them all.

Exclusively "Bestseller" and "New Book" readers are depressingly numerous and impatient. It is here that the local librarian can do a great deal of good in combating the disease both by his general attitude, and by recommended doses of alternatives.

* * * * - J.A.

TALKING OF FILMS .....

A really important addition to our film collection is RIVAL WORLD, the wonderful documentary on the insect world and the never-ceasing struggle against the onslaught of insects on human life and our food supplies. RIVAL WORLD is one of those nature films which penetrate the surface and give us an insight into a world hidden to the human eye. It belongs to that class of film - with AUSTRALIA'S CORAL WONDERLAND and BEES FOR HIRE - in which the camera opens up an entirely new world.

The "Digest for South Africa Affairs", issued by the State Information Office, contains some interesting news of two films in our library, which have proved highly successful with our audiences:-

